# menlo-insig

14/2023


## LIEWE MENLO

Dit is Maandag, 15 Mei. 14:29 is slegs een omwenteling ver. Die wintergodin het vroeër op dié dag gearriveer. Haar entourage, Reën en Donderweer, hang besluiteloos in die lug, terwyl daar grondlangs sekergemaak word dat alles reg is wanneer die gaste arriveer.

15 Mei is die dag waarop Menlo die hekke oopswaai om besoekers te ontvang. Almal is welkom. "Goeiemiddag Meneer. Kleinman, stap jy saam met my. Mevrou, neem gerus u sitplek in die saal in." Die Parkies se goeie maniere beïndruk. Die besoekers is tuis.

In die saal vind ouers skuiling teen die winternat én nuttige inligting oor Menlo. Buite sirkuleer die graadsewes verby Duitse musiek, kunswerke en die Eiffel na longe, borrels en vlamme totdat die besoekers se longe brand – pure opgewondenheid. Geen wonder dat die reëngodin besluit om in die pret te deel nie. Nou is dit reën, wind en water. Die ideale plek vir sulke omstandighede is onder 'n kombers, maar waar is die Parkies? Hulle is hier, by hulle skool. Hoekom?

Menlo is hulle plek.

Menlo is óns plek.

Dit is hier waar ons saamstaan, die tyd uitkoop én in die reën dans. Dankie Menlopark. Julle laat ons leuse lewe.

Baie dankie aan al die Parkies wat by die opedag betrokke was en in die besonder aan me. Hannaliza Fechter vir haar visie. Die skool het waardering vir die laerskoolleerders wat tyd ingeruim het om die Menlo-bodem deur die Parkies se oë te beleef.

Welkom by Menlo. Jou plek is hier.



# DAGBOEK

**19/5** Entrepreneursdag / Hokkie: Waterkloof (Weg) / Landloop: Aflosliga (Tuis)

**20/5** Perdesport: SANESA (Liga 4) / Hokkie, Netbal & Rugby: Waterkloof (Weg) / Koor: ATKV-streeksuitdunne (18:00)

**22/5** Wintereksamen: Gr. 10 – 12
(Volg gerus die skakel na die eksamenrooster)




## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 968 gestuur word.

**Spreuke 11:25:** "Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf."









# AKADEMIE

## Menlo se blink breine tem blikbreine

Menlo se blikslim matrieks wat onlangs aan die Toepassingsolimpiade deelgeneem het, het gewys dat hulle nie sukkel om hulle pad deur Word, Excel en Access te navigeer nie. Een duisend een en sewentig leerders het aan die nasionale Stryd van die Blikbreine deelgeneem en sewe van Menlo se blink breine het na die tweede ronde gevorder. Knap gedaan aan die volgende Parkies met hulle puik prestasie:

Anika de Klerk, Joshua Delport, Hanno du Toit, Rossouw Janson, Gerard Jordaan, Milan Lemmer, Danieka Scheckle.

Hartlik geluk aan Menlo se IT- en RTT-departement met uitstekende uitslae.









# KOOR

## Menlo-koor is wedstrydfiks

Na drie optredes in een week is dit amptelik:
Die Menlo-koor is wedstrydfiks.

Die eerste optrede was Dinsdagaand by die eisteddfod, waarna die kele vinnig skoongemaak is om Saterdag vir die Menlo-koorfees aan te tree. Die stembande het Sondag skaars gaan lê of dit was tyd vir die week se laaste optrede by die Vox Chamber Choir Mother's Day Festival saam met die Vox-kamerkoor, die UJ-koor en die NWU-koor. Al hierdie optredes was natuurlik ter opwarming van die hoofwedstryd – die ATKV-streeksuitdunne wat eerskomende Saterdag plaasvind.

Die Insig wens die koorspan sterkte hiermee toe en wens hulle geluk met drie uitsonderlike optredes. Baie dankie aan me. Jeanmari van Papendorp, die koor en die koor se bestuurspan vir hulle harde werk.

## Menlo-koorfees: Fees van klank en harmonie

Onopgesmuk. Gemoedelik. Verrassend mooi. Dit is hoe Menlo se koorfees wat Saterdagaand op eie bodem plaasgevind het, beskryf kan word.

Die eerste klanke het aan Menlo se Junior Koor behoort. Dié bestaan uit slegs 35 Parkie-rose, maar wanneer die eerste note val, word hulle sang 'n rangskikking van fyn melodieë en opgeruimde harmonieë.

Onder leiding van hulle nuwe koorleier het Overkruin se koor gewys dat hulle in die toekoms dopgehou moet word, waarna die gehoor deur die AHMP-koor vermaak is.

Die aand het op 'n hoogtepunt saam met die Menlo-koor afgesluit en die Insig beaam wat die gehoor se applous verklap het: Bravo!





# MUSIEK





## Daar is musiek oral om hul heen

Met haar ryk stem het Jadyn van Jaarsveld talle Menlo-verhoë gedurende haar skoolloopbaan ingekleur. Hierdie luisterryke skoolloopbaan staan einde se kant toe, want Jadyn is vanjaar in matriek. Sy het vir oulaas haar kleim op die verhoog afgesteek deur met die louere in die hoërskoolafdeling by die ShineStar Vocal Competition weg te stap. Menlo-musiek wens haar graag met 'n uitsonderlike prestasie geluk.

**Eisteddfod-uitslae:** Luca Smit     Klavier seniors     A++     Kategoriewenner: Studies (14 jaar en onder)

Hartlik geluk aan hierdie twee Menlo-musiek-ambassadeurs!

# OMGEE

## Omgee begin by opdaag

Die Parkieraad se omgeekomitee het verlede week by Brainlife besoek afgelê – 'n organisasie wat mense wat deur breinbeserings geraak is, help om by hulle nuwe realiteit aan te pas.

Mense met breinbeserings se lewe is in 'n oogwink omgekeer en dit was vir die Parkies 'n belewenis om die wêreld deur Brainlife se oë te beleef.

Die Insig bedank graag vir Reghardt van Biljon, voorsitter van die omgeekomitee, mnr. Willem Botha en die Brainlife-personeel wat hulle deure en harte vir Menlopark oopgemaak het.











# MUURBAL



## Menlo-muurbal bou brûe

Ofskoon elke punt in die stryd wat Menlo verlede naweek teen Garsies op die astro, rugbyveld en netbalbaan gevoer het sorgvuldig neergepen is, was die stryd op die muurbalbaan vriendskaplik. Hoewel die spelers steeds kompeterend was, was die fokus op ervaring en die geleentheid om Menlo te verteenwoordig. Knap gedaan, MMA!

# WINTERSPORT

## Menlo-Garsie-Derby:

## Viering van talente & geleenthede

Daar is min tussen die puik spanne van Menlo en Garsfontein te kies en albei skole beskik oor die bestanddele om sportaksie wat in elke fynproewer se smaak val, op te dis.

Die stryd was deurgaans op 'n mespunt gebalanseer en dit was slegs die tydsberekening van die eindfluitjie wat die skaal in die guns van die wenner geswaai het.

'n Enkele sekonde vroeër of later kon dalk 'n ander verhaal vertel.

In wen of verloor is dit 'n voorreg om in die hart van die aksie te staan en die skool bedank graag elke afrigter, speler, ondersteuner en ouer vir hulle aandeel aan die skool se sukses.

### Netbal

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 14 A: 15-15 | B: 32-10 | C: 13-8 | D: 13-11 |
| o. 15 A: 20-16 | B: 28-16 | C: 23-14 | D: 40-2 |
| o. 16 A: 26-18 | B: 27-9 | C: 33-4 | D: 34-2 |
| o. 17 A: 29-17 | B: 26-6 | | |
| o. 19 A: 30-31 | B: 31-10 | C: 27-14 | D: 22-3 |

### Rugby

| | | |
|---|---|---|
| o. 14 | A: 7-17 | B: 10-57 |
| o. 15 | A: 22-21 | B: 10-5 |
| o. 16 | A: 10-19 | B: 13-17 |
| o. 19 | A: 6-48 | B: 0-67 |

### Hokkie: Seuns

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 14 | A: 2-2 | B: 1-3 | |
| o. 16 | A: 1-1 | B: 1-0 | C: 1-1 |
| o. 18 | A: 2-3 | B: 1-1 | C: 1-0 |

### Hokkie: Dogters

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 14 | A: 0-1 | B: 3-0 | C: 3-0 |
| o. 15 | A: 1-2 | B: 1-1 | |
| o. 16 | A: 3-5 | B: 3-0 | C: 2-2 |
| o. 18 | A: 2-2 | B: 1-1 | C: 3-0 |

### Netbal vs. Oos-Moot

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 14 A: 19-17 | B: 19-21 | C: 16-9 | D: 21-5 |
| o. 15 A: 24-11 | B: 26-13 | C: 18-3 | |
| o. 16 A: 37-11 | B: 30-4 | C: 28-4 | |
| o. 17 A: 27-22 | B: 17-10 | | |
| o. 19 A: 49-18 | B: 37-10 | C: 37-6 | |



















# GHOLF





## Menlo-gholfdag slaan kolhou

Vrydag, 12 Mei om 11:30. Dit is wanneer die eerste paar gholfskoene die bof betree het om die eerste bal met die nr. 1-stok by Menlo se gholfdag, wat vanjaar vir die eerste keer by Woodhill Buiteklub plaasgevind het, te dryf.

Vyf en dertig vierbalinskrywings het gholf (en kwinkslae) uit die boonste rakke gewaarborg en dit was geensins nodig om voor te gee dat die dag uiters geslaagd was nie. Die gholfdag het selfs opvoedkundige waarde gehad, want die aërodinamika van malvalekkers is fyn bestudeer.

Die gesellige prysuitdelingsfunksie, veiling en keurige aandete was die ideale geleentheid vir nabetragting oor die dag se verrigtinge en te oordeel aan die foto's is die algemene gevoel duidelik: Ons maak volgende jaar weer so.

Me. Méhan de Vries, mnre. Nico van Eeden en Maritz Wessels, mee. Alicia Retief en Lynette Crouse, asook die Parkies, personeel en afrigters wat hulp verleen het, verdien 'n veer in die hoed vir hulle bydraes om te verseker dat Menlo se gholfdag as een van die hoogtepunte op die sportkalender onthou sal word.

Hartlik geluk aan die wenners:

- *Mnre. Jaco Britz en JT Richards (51 punte)*
- *Mnr. Charlie Pretorius wat die dag met 'n splinternuwe stel gholfstokke afgesluit het.*

Baie dankie vir elke inskrywing, skenking en borgskap wat eindelik tot die voordeel van die Parkies aangewend sal word.

Ons sien daarna uit om Menlo se gholfentoesiaste by die 2024-gholfdag te verwelkom.








DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# the monaco burger special

2 x Burgers
R170
take-away only



## Every Thursday

Pick up from 4-6 pm
Order from 11 am
*Your choice of chicken or beef*

**Call 072 559 7581 to order**

We are operational during loadshedding

monaco EATERY
320, The Hillside street, Lynnwood, Pretoria




***First 1000 entries will receive a FREE tshirt!***

**27.05.23** ***Enter NOW!*** **5km** **10km**

**GET UP | MAKE A CHOICE | SET THE TONE**

Sew Happening
BY HILMA

# Sewing Course
## FOR SCHOOL STUDENTS

**2ND HIGHSCHOOL COURSE**
27, 30 June - 4,7 July
MORNINGS
08:30 - 11:30
Short tiered dress with long sleeves.

**GRADE 5 - 7**
26,28 June - 3,5 July
MORNINGS
08:30 - 11:30
Short, denim wrap skirt with frill (optional).

4 DAYS
of Sew Happening fun!

REGISTRATION
**Hilma** 083 271 5592
hilma.design@gmail.com








# FOR SALE
**R 2 149 000.00**

Contact Owners:
Theuns Nel: 083 253 3602
Pieter Nel: 082 578 9699

Unit in Vergelegen Retirement village, Equestria

Features:
- 160m²
- Open plan kitchen, living, dining area
- 2 Bedroom, 2 bathroom
- Study
- TV Room










Olive Branch
Sports Massage Therapist
Price list
Sports Massage R300
Back & Neck Massage ( 45 min) R250
Swedish Massage (60 min) R370
Deep Tissue Massage (60 min) R450
Foot & Leg Massage (30 min) R150
Emmie Olivier
Mobile Massage Therapist
065 387 9342
olivebranch.mobile@gmail.com




BREEK VRY VAN SKULD!
ONS HELP MET;
Skuldberading
Sekwestrasie
Rehablitasie
Likwidasie
0720114900
admin@persolvo.co.za
PERSOLVO
DEBT CONSULTANTS




NAALDWERK VERSTELLINGS
KONTAK BERTA WHEELER BY:
073 501 8228

SAFATA
SOUTH AFRICAN FILM, ACTING & THEATRE ACADEMY
safata_academy
_safata
www.safata.co.za
admin@safata.co.za
Full-Time Studies:
3-Years – Level 4
International Extended Diploma in Performing Arts
(NQF 6, Associate Degree Equivalent)
Part-Time Studies:
2-Years – Level 3
International Higher Advance Diploma in Performing Arts
(NQF 5, Higher Diploma)
ENROLL TODAY
CAMPUS: KYALAMI OFFICE PARK, 7 KYALAMI BOULEVARD




Kamers beskikbaar vir sportouers
• 3 gemeubeleerde kamers beskikbaar vir ouers wat oor naweke sport byeenkomste kom bywoon.
• Veilige parkering,
• Wasgeriewe en wifi,
• Braai area,
• Reg oorkant Hoërskool Menlopark se Rosemary hek.
410 Sussex Avenue
Kontak: Wilhelm 079 055 1570

# About Me: Rehoming





# Hello, my name is Teddy

I am turning 9 in September. I am Daschund x Pekingese. I am a small doggo. I am good with children, dogs, and domestics.

I am house trained and I prefer being indoors cuddling with you.

I have had surgery on my back and on both my hind leg knees. So short walks is all I can do for my health.

**Likes:**

- Treats
- Tons of love
- Playing and going for short walks
- Cuddling with you on the couch or bed
- Gentle head scratches and tummy scratches
- Bonding with you

**Dislikes:**

- Thunderstorms
- Water
- Cats
- I prefer a female friend than a male friend.

**I am very gentle by nature. I love to play and going for short walks. I get very excited to see you and I love spending time with you. I love eating my treats and cuddling up against you. I am the happiest when you are home and I love being talkative when I want attention or when you get home.**

---

**Strict house checks and vet references will be asked for.**

Reach out:

Cara - 0768044009
Talana - 0828154041

# About Me: Rehoming





# Hello, my name is Ballie

I am turning 9 in September. I am mini Pincher x Jack Russel and I am a small doggo. I am good with children, dogs, and domestics.

i am house trained and I prefer being indoors cuddling with you.

**Likes:**

- Treats
- Soft blankets and tons of love
- Playing and going for walks
- Cuddling with you on the couch or bed
- Sitting on your lap and getting gentle head scratches

**Dislikes:**

- Thunderstorms
- Loud noises
- Water
- Cats
- I prefer a female friend due to my Pincher side being dominant

**I am full of life and energy. I have a playful nature and I love giving you kisses. I get very excited to see you and I love meeting new people. I love going for walks and eating my treats. I love my soft blanket and cuddling with you on the couch or bed.**

---

**Strict house checks and vet references will be asked for.**

Reach out:

Cara - 0768044009
Talana - 0828154041